Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

24 Augustus 2022
Nuusbrief No 28

Liewe Ouers,
Blomplantdag was feestelik! Die kinders het dit so ongelooflik baie geniet... Ons hoop almal se plantjies word nog mooi versorg!

Baie geluk aan Yolandé Steyn wat ons nuusbriewe elke week op die webblad laai en ons webmeester is. Sy verjaar vandag. Mag dit 'n baie voorspoedige nuwe lewensjaar wees, Yolandé.

Ouma- en Oupadag: 2 September 2022: Projekkode P765
ONS GEE WEER DIE REËLINGS DEUR:

- **U kleuter moet asseblief teen 8:15 by die skool wees om nog pap te kan eet.**
- Vanaf 8:30 tot 9:00 kan ons dan 'n vinnige oefening inkry, en die kleuters rustig kry.
- **Ons het u hulp met die volgende nodig:**
  - Pak asseblief 'n **piekniekmandjie** met iets om teetyd vir u kleuter en gaste spesiaal te maak. Ligte teeverversings en iets te drinke sal voldoende wees. Moet asseblief nie duur eetgerei stuur waarvoor u jammer is nie. Ongelukkies en piekniek loop hand-aan-hand!
  - Ons gaan om die atletiekbaan teen Parkieland se heining piekniek hou. Elke klas se area sal met 'n banier op die heining gemerk wees.
  - U kan reeds Vrydagoggend vanaf 7:00 **voor 8:30** vir u kleuter en sy/haar gaste 'n plekkie op die baan afpen met 'n **sambreel, piekniekkombers, tafeltjie en opvoustoele.** Gazebos werk ook goed vir bietjie koelte.
  - U kan u mandjies met eetgoed in die koelte onder die tafeltjies los, of in Juffrou se klas indien daar nie 'n koeltekol is nie. Merk net asseblief die mandjie sodat Ouma-hulle weet watter mandjie om te neem.
  - Steek 'n **kartonnetjie met u gaste se naam op die sambreel vas** – onthou Ouma en Oupa weet nie waar u vir hulle 'n plekkie gereed gemaak het nie.
  - Maak asseblief ook seker dat elke gas weet in **watter klas u kleuter is!** Dit is baie belangrik, anders voel hulle verbouereerd.
- **Oumas en Oupas moet verdeel tussen die boeties en sussies** as daar meer as een kleinkind in die skool is, aangesien al die klasse se programme gelyktydig plaasvind. Elke kleuter moet asseblief **iemand** in hulle klas teenwoordig hê. Buitekant kan hulle maar sit waar u 'n plek vir hulle voorberei het.
- **Vriendelike versoek – geen mammas en pappas in die klasse nie,** ons klasse is te klein om almal te akkommodeer. Ouers sal alleenlik in die klas toegelaat word indien daar **geen** Grootouer teenwoordig is nie, en u met die onderwyseres vooraf gereël het.
- **Die program vir die oggend verloop as volg:**

  8:30 Oupas en Oumas ontvang by die hek aanwysings na die klasse.
  (Onthou om u ouers in te lig in watter klas u kind is.)

Koffie en tee in die ingangsportaal.

9:00 Grootouers kom bymekaar in kleuters se klasse vir 'n kort program en 'n geskenkie.

9:30 Piekniek buite.

11:00 Kleuters mag saam met Grootouers huis toe gaan (groet eers vir Juffrou).

- **Alle uitstaande R30-betalings en bewyse van betalings vir die geskenkies moet asseblief môre aan die klasonderwyseres oorhandig word. (Onthou, as Mamma of Pappa insit, kry hulle die geskenkie en moet u ook asseblief die betaling maak.)**
- Hou ook in gedagte dat die parkering beperk is, en u gaste dalk ver van die skool af sal moet parkeer. Gaste wat laat opdaag, gaan nog 'n ent na die skool toe moet stap.
- Baie dankie dat u bereid is om u ouers en kleuters te bederf. Wees verseker dat u samewerking opreg waardeer word.
- **Kleuters trek vrolike Lenteklere aan.**
- **ONTHOU DAT DAAR GEEN TOESIG OF NASKOOL NA AFLOOP VAN DIE FUNKSIE IS NIE.**

Jêmbekkie:
"Een van die Gr 00 seuns kyk so na die fotohoekie wat ons opgestel het om die Oumadag foto's te neem. Juffrou, ek weet waar al hierdie ou goed vandaan kom... Dis nog van die tyd toe die dinosourusse gelewe het, sê hy."

Ons hoop u het 'n heerlike week verder. Ons hoop die weer bly mooi vir 2 September vir ons kuier saam met die Oumas en Oupas!

Baie sterkte aan elke ouer wat die komende naweek aan die Comrades gaan deelneem. Ons glo dit sal goed gaan met elkeen!
Hou bene, hou!

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥KYK♥VORENTOE!

FILIPPENSE 3:13
"Maar een ding doen ek:
ek maak my los van wat agter is
en strek my uit na wat voor is.
Ek span my in om by die
wenstreep te kom."

Blom waar
God jou
geplant het!

Blomplantdag